LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 2

## SEPTEMBER 2017

**PUNTE: 70**

**TYD : 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.**

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie.

2. Gebruik die INHOUDSOPGAWE om jou met jou keuses te help.

3. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   **AFDELING A:** Roman (35) of
   **AFDELING B:** Drama (35) of
   **AFDELING C:** Kortverhale (35) of
   **AFDELING D:** Gedigte (35)

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en merk die vraagnommers van die TWEE letterkunde tekste wat julle in die klas behandel het.

5. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE tekste wat julle gedoen het en kies die vraag wat jy wil doen.

6. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle gedoen het.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

10. Voorgestelde tydsindeling: ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Sterkte!

## INHOUDSOPGAWE

- Beantwoord TWEE vrae van altesaam 70 punte.
- Beantwoord EEN vraag oor elkeen van die TWEE soorte tekste wat jy vanjaar gedoen het.
- Beantwoord TWEE gedigte (18 en 17 punte) indien jy AFDELING D kies.

### AFDELING A: ROMAN

Beantwoord **ENIGE EEN** vraag.

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. Kringe in 'n Bos | Kontekstuele vraag | 35 | 4 |
| OF | | | |
| 2. Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom | Kontekstuele vraag | 35 | 6 |
| OF | | | |
| 3. Meeulanders | Kontekstuele vraag | 35 | 7 |
| OF | | | |
| 4. Lien se lankstaanskoene | Kontekstuele vraag | 35 | 9 |

### AFDELING B: DRAMA

Beantwoord **ENIGE EEN** vraag.

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 5. Poppie - die drama | Kontekstuele vraag | 35 | 12 |
| OF | | | |
| 6. Paljas | Kontekstuele vraag | 35 | 14 |
| OF | | | |
| 7. Fiela se kind | Kontekstuele vraag | 35 | 16 |

### AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 8. Die roep van die vleikuiken | Kontekstuele vraag | 18 | 20 |
| Oom Dries se sorge met Jantjie | Kontekstuele vraag | 17 | 21 |

**OF**

### AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 9. By die robot in Eerstelaan | Kontekstuele vraag | 17 | 23 |
| Die boodskapper | Kontekstuele vraag | 18 | 24 |

### KONTROLELYS

**Kandidate moet die kontrolelys gebruik om te verseker dat die korrekte getal vrae beantwoord is.**

| AFDELING | | Vraagnommers | Vraag beantwoord | Dui aan ✓ |
|---|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | 1-4 | | |
| | | of | en/of | |
| AFDELING B: | Drama | 5-7 | | |
| | | of | en/of | |
| AFDELING C: | Kortverhale | 8 | | |
| | | of | en/of | |
| AFDELING D: | Gedigte | 9 | | |
| **LET WEL**: Maak seker dat jy slegs vrae oor **TWEE** afdelings beantwoord het. | | | | |

**AFDELING A : ROMAN**

**BEANTWOORD EEN VAN DIE VOLGENDE ROMANS.**

**VRAAG 1 KONTEKSTUELE VRAAG**

***Kringe in 'n Bos - Dalene Matthee***

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS A**

En 'n bloubokkie se kop gooi jy saam met die binnegoed weg, want sy gal sit in sy kop. Jy eet nie sy kop nie. Sommer van nuuskierigheid vat hy die handbyltjie en kloof die koppie middeldeur om te kyk hoe die gal nou eintlik in die kop sit. Maar dit lyk nes enige ander bok se kop, hy kry nêrens 'n galsakkie nie! Hy het tussen die binnegoed gaan krap en die gal op die gewone plek gekry ... Hy is weer terug na die koppie toe en het met sy vingers in die oopgevlekte harspan gaan krap, geproe of dit bitter smaak, maar niks. Hoe is dit dan moontlik? Die gal sit dan nie in die kop nie? Dit was al of 'n onrus deur hom trek.

1.1 Waarom was Saul bly oor die bloubokkie wat hy gevang het? Noem TWEE redes. (2)

1.2 Waarom het hy die bloubokkie se kop oopgekap? (1)

1.3 Wat sou dit beteken het as Saul wel 'n bitter smaak in die harspan gekry het? (1)

1.4 Waarom kon Saul in die moeilikheid kom oor die bloubokkie wat hy gevang het? (1)

1.5 Wat leer jy omtrent Saul se karakter uit bostaande uittreksel? (Teks A) (1)

1.6 Later die aand, toe hulle rondom die vuur sit, vra Saul vir oom Anneries of hy die gal gesién het.
Waarom is dit belangrik vir Saul om te weet of oom Anneries die gal gesién het? (2)

1.7 Tot watter besef kom Saul omtrent die grootmense ná bostaande gesprek? Noem TWEE dinge. (2)

1.8 Die bloubokkie se gal sit in sy kop..

1.8.1 Is bostaande stelling in feit of 'n mening?

1.8.2 Verskaf 'n rede om jou antwoord hierbo te motiveer. (2)

**TEKS B**

Die ou man haak eers die koeëlsak en kruitbus tydsaam van die draadhaak af. "Hulle sê hy skuil Homtini se kant toe," sê hy amper onhoorbaar. En toe hy die geweer aangee, is daar 'n stil hovaardigheid in sy houding. Minute later loop Saul Barnard die Bos in en dit voel vir hom hy loop agteruit in homself in. Die feit dat hy op pad is om Oupoot, koning-olifant van die Bos, te skiet, voel vir hom onwerklik en terselfdertyd die mees onvermydelike daad van sy lewe. Die vorige dag nog was hy aan boord van die *Pictor*. Die driemasbark van 450 ton het, seile opgerol, stuurboordkant teen die houtkaai vasgemeer gelê en hy het aan die bakboordkant gestaan en die oorkantste oewer van die meer bespied ... Was die gevoel van onrustigheid wat hy nie kon afskud nie, 'n voorgevoel wat hom wou waarsku dat die verlede nog nie heeltemal klaar was met hom nie? Nee. Dit was die haas in hom om weg te kom.

1.9 Wie is die ou man in reël 1? (Teks B) (1)

1.10 Waarom word die woord "Bos" met 'n hoofletter in die uittreksel (Teks B) geskryf? (1)

1.11 Hoekom dink jy moes Oupoot geskiet word? (1)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

1.12 Hoekom is dit ironies dat Saul besluit het om Oupoot te skiet? (2)

1.13 Wat word bedoel met: "... dit voel vir hom hy loop agteruit in homself in"? (1)

1.14 Noem TWEE redes waarom daar in Saul "'n haas was om weg te kom." (2)

1.15 Waarom het Saul die *Pictor* verlaat? (1)

1.16 Rangskik die volgende gebeure in Saul se lewe in die KORREKTE volgorde.

Skryf net die vraagnommer en die letters in die regte volgorde neer.

A Saul sien Oupoot vir die eerste keer.
B Jozef beskuldig Saul daarvan dat hy vir Harrison spioeneer.
C Saul hoor gerugte dat daar goud in die Bos is.
D Saul se ma sterf.
E Saul sien die dorp vir die eerste keer. (5)

**TEKS C**

Halfpad die Saterdag was die hout klaar. Die wete dat die dorp toe gaan naby was, het beurte op Saul se maag gemaak tussen bang en bly. Hy sou op veertien die eerste keer die dorp sien.

*******

Saul was nooit weer kind ná daardie dag nie.

1.17 Noem EEN rede waarom Saul na sy eerste besoek aan die dorp "nooit weer kind" was nie. (1)

1.18 Wat het die dorpsmense van die bosmense gedink? Noem TWEE dinge. (2)

1.19 Waarom was Saul bang en ook bly om die dorp vir die eerste keer te sien? (1)

1.20 Watter wens het Saul gehad toe hy tydens sy tweede besoek aan die dorp die see sien? (1)

1.21 Kies uit KOLOM B die korrekte inligting wat by die karakter in KOLOM A pas.

Skryf slegs die vraagnommer (1.21.1 – 1.21.4) en die letter (A – D) neer. (4)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.21.1 Sara | A. Familie van Arend |
| 1.21.2 Martiens Botha | B. Soek vir goud |
| 1.21.3 Patterson | C. Bly in Saul-hulle se ou huis |
| 1.21.4 Sanna | D. Sterf aan die"godsiekte" |

**Totaal [35]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom - Marita van der Vyver***

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

TEKS D

Interessant, né? Ek is *geskep*, hy is *vervaardig*. Ek voel soos 'n skildery (soos 'n middelmatige skildery, soms 'n mislukking, nooit juis soos 'n kunswerk nie) en hy klink soos iets wat uit 'n fabriek kom. 'n Onderdeel van 'n masjien.

2.1 Na watter karakter verwys die "hy" in die aanhaling? (1)

2.2 Waarom sê Hanna dat "hy" vervaardig is? (1)

2.3 Verduidelik wat is die funksie van die volgende vergelyking: "Ek voel soos 'n middelmatige skildery." (1)

2.4 Waarom sien Hanna haarself nie juis as 'n kunswerk nie? (1)

2.5 Wat impliseer " 'n onderdeel van 'n masjien" as Hanna na die "hy" verwys? (1)

TEKS E

En *nuwe huis* is nie heeltemal die regte beskrywing vir hierdie dubbelverdiepinghool aan die gatkant van Tafelberg nie. Toe Mana en Beyers teen die einde van laas jaar trou, moes ons 'n groter huis vir die hele spul van ons soek. En soos ek reeds laat glip het, rol ons nie juis rond in die rande nie. Probeer jy nou 'n huis met minstens vyf slaapkamers soek, en boonop 'n garage of 'n buitekamer of 'n plek wat Mana as ateljee kan gebruik, teen 'n prys wat twee mense sonder 'n vaste inkomste kan bekostig. 'n Akteur en 'n skilder. *I ask you.* Dis wat op elke eiendomsagent se gesig geskryf gestaan het.

2.6 Waarom verwys Hanna na hul nuwe huis as 'n "dubbelverdiepinghool"? (1)

2.7 Waarom dink jy was dit so moeilik om 'n gepaste huis vir Hanna se gesin te kry. Noem 2 redes. (2)

2.8 2.8.1 Wat word Tibo en Amos se kamer genoem? (1)

2.8.2 Gee EEN rede hiervoor. (1)

2.9 Haal 'n woord uit Teks E aan om te bewys dat die verhaal in die Kaap. (1)

2.10 Waarom is Hanna glad nie gelukkig in hierdie nuwe huis nie, ten spyte daarvan dat dit baie groot is? (1)

2.11 Waarom dink jy het die eiendomsagent besluit dat die "spektakel" van 'n huis perfek is vir Hanna se gesin? (1)

2.12 Wat is Hanna se opinie of 'n akteur en 'n skilder saam 'n groot huis bekostig? (1)

2.13. Die Engelse woorde wat Hanna in reël 7 (TEKS E) gebruik, is gepas.
Motiveer jou antwoord. (1)

2.14 Kies uit KOLOM B die korrekte inligting wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (2.14.1 – 2.14.5) en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.14.1 Tibo | A. Verlief op Sharon |
| 2.14.2 Yann | B. Ma bly in Amerika |
| 2.14.3 Amos | C. Speel met *Action man*-poppe |
| 2.14.4 Margot | D. Hanna se beste vriendin |
| 2.14.5 Sharon | E. Baie vrygewig |

(5x1)(5)

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS F**

Dis glad nie so erg soos ek gedog het nie, sê Sharon toe ek vir haar die toilet langs die kombuis wys. Dis 'n outydse affêre met 'n tenk wat hoog teen die muur sit en 'n ketting waaraan jy baie hard moet trek as jy die bak met 'n flou stroompie water wil uitspoel. "Ek dog 'n huis soos hierdie sal 'n buitehuisie met 'n longdrop hê." "Wat weet jy van 'n longdrop?" lag ek haar uit.

2.15 Waarom is Hanna verbaas dat Sharon weet wat 'n longdrop is? (1)

2.16 Hoe het Sharon uitgevind wat 'n longdrop is? (1)

2.17 Sharon se houding teenoor haar ouma se lewenswyse is 'n bewys van sekere lewenswaardes. Noem slegs EEN van hierdie waardes. (1)

2.18 Waarom neem Sharon se pa haar nie graag om haar ouma te besoek nie? (1)

2.19 Noem DRIE dinge wat Sharon van haar ouma kan onthou. (3)

2.20 Watter verrassing kry Hanna omtrent haar en Sharon se gesprek die eerste halfuur op die berg? (1)

2.21 Noem TWEE verskille tussen Sharon en Hanna. (2)

2.22 Noem TWEE aspekte wat Hanna laat glo dat sy anders as ander tieners is. (2)

2.23 Waarom dink Hanna dat sy 'n teleurstelling vir haar pa is? (1)

2.24 Noem TWEE dinge waarom Hanna haar pa as "meer onwaarskynlik" beskryf. (2)

**Totaal: [35]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

***Meeulanders* - *Esta Steyn***

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

TEKS G

Haar hare het in die wind gewaai en haar wange was blosend en sy het nie geweet wat om vir hom te sê nie. "Toe ek die eerste keer gekom het, het jy gesê jy gee my drie maande kans ..."

"Ek het nie geweet dat ek jou sal liefkry nie."

"Ek het ook nie."

SALAMANDERBAAI, MAMA-MEEU, WOENSDAG, 14 AUGUSTUS 1985

*Dit was die laaste dag van die sitting. Ek het gewonder wat word van al die stemme wat in die ruimtes van die groot hofsaal bly hang. Die stemme wat die waarheid van die verlede probeer oproep, maar nie regtig kan nie. Want een ding gebeur net een maal en agterna kan al die woorde en al die vrae die beelde nooit weer werklik herskep nie. Ek het na Jacob in die bank gekyk en gehoor hoe die regter se uitspraak oor hom gaan: Dat hy 'n waardige en betroubare getuie in die hof was, maar alhoewel daar buitengewone versagtende omstandighede is, hy verkeerd opgetree het deur die reg in eie hande te geneem het en dat hy skuldig bevind word aan strafbare manslag. Hy is 'n vonnis opgelê van sewe jaar gevangenisstraf, waarvan twee jaar opgeskort is.*

*Ek en Janka het laat vanmiddag huis toe gekom. Ons het die buitekamer vir Jannerik reggemaak. Ons sal vir Jacob wag dwarsdeur die seisoene. Ons sal wag terwyl die malgasse op hul ver togte vertrek en ons sal wag tot wanneer hulle weer in wit spikkels terugkom. Ons sal wag totdat die takke van die wildevy groot en breë koeltes gee. En eendag sal ons teruggaan eiland toe en na die skemer skadu's van ons boom kyk, en ons sal sien hoe ons verlange in die takke ingegroei het.*

3.1 Wie is aan die woord in reël 4? (TEKS G) (1)

3.2 Wie is die spreker in reël 5? (TEKS G) (1)

3.3 Jacob het in die hof verskyn.

3.3.1 Watter misdaad het Jacob gepleeg? (1)

3.3.2 Waarom het hy hierdie misdaad gepleeg? Gee TWEE feite. (2)

3.3.3 Wat is die versagtende omstandighede waarna die regter verwys het? (1)

3.3.4 Hoe lank sou Jacob in die gevangenis moes bly? (1)

3.4 Waarvan is die vyeboom in die verhaal 'n simbool? (1)

3.5 Wat sê Jannerik vroeër in die verhaal vir Ryna waarom 'n mens 'n boom moet plant wanneer jy pyn het? (1)

3.6 Waarom word twee lettertipes in hierdie uittreksel gebruik? Gee TWEE redes. (2)

3.7 Baie van die karakters in die verhaal het Burgerbandradio name. Hierdie name het dikwels 'n dieper betekenis. Verduidelik die betekenis van die volgende name:

3.7.1 Attie word Handigas genoem. (1)

3.7.2 Janka word Pikkewyntjie genoem. (1)

3.7.3 Daniel word Sardyn genoem. (1)

3.7.4 Donovan word Bokkompie genoem. (1)

Kopiereg voorbehou 

3.8 3.8.1 Wat was Ryna se naam voordat sy Meeuland toe gekom het? (1)

3.8.2 Waarom het sy dit na Maryna van Rensburg verander toe sy Meeuland toe gegaan het? (1)

3.9 Jacob het vir Ryna die naam van Mama-Meeu gegee.

3.9.1 Hoe het hy op dié naam besluit? (1)

3.9.2 Wat is jou mening waarom hy hierdie spesifieke naam vir haar gekies het? (1)

3.10 " 'n Pyl het haar binneste deurboor. Ek sê jou, 'n pyl. Die pyl wat nog baie mense gaan seermaak."

3.10.1 Wie het hierdie woorde gesê? (1)

3.10.2 Aan wie is hierdie woorde gesê? (1)

3.10.3 Wie is die "haar" in die aanhaling? (1)

3.10.4 Wat is die "pyl" waarvan daar gepraat word? (1)

3.11 Kies uit KOLOM B die korrekte inligting wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (3.11.1 – 3.11.5) en die letter (A – E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.11.1 Matthys Langhans | A. Eienaar van Bindeman Vissery |
| 3.11.2 Ousanna | B. Onderwyseres by Salamander-Suid |
| 3.11.3 Reggie | C. Kry tronkstraf weens kreefsmokkel |
| 3.11.4 Doreen Bindeman | D. Schalk (Skalla) se ma |
| 3.11.5 Magdel Beukes | E. Jannerik se blinde suster |

(5)

3.12 Waarom is dit ironies dat Ryna die stootkar wat Attie vir Janka gemaak het, die "Meeuland Express" noem. (2)

**TEKS H**

| | |
|---|---|
| 1 | "Daar is werk. Ons kan oor die prys praat." |
| 2 | "Wat wil jy hê ek moet doen?" |
| 3 | "Jy weet waar sy woon. Jy weet waar sy werk" |
| 4 | "Wat wil jy hê moet ek doen?" |
| 5 | "Jy weet, Skalla. Jy weet baie goed." |

3.13 Voltooi die sin: Die feit dat die prys vir die werk nie vasgestel is nie suggereer dat….3.13.1 iemand wou omkoop om sy vuilwerk te doen. (1)

3.13.2 Wat is die werk wat gedoen moes word? Gee TWEE feite. (2)

3.13.3 Waarom is Skalla gevra om hierdie werk te doen? Gee TWEE redes. (2)

**Totaal: [35]**

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***Lien se lankstaanskoene – Derick van der Walt:***

**Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

TEKS I

Lien hoor die wynglas se voetstuk maak "klink" op die eetblad in die kombuis. Sy ken die ritueel. Yskas se deur oop. "Tjorr" word die wyn in die glas geskink. Yskas se deur toe. Vrieskas se deur oop. Ysbak kraak. "Ploinks" val die ysblokkie in die wyn. "Ploinks" nog een. Vrieskas se deur toe. Stilte. Slukkie. Behaaglike sug... Lien kyk na Braam. Hy kyk nie terug nie, sit net die televisie harder. Sy ruik iets brand in die kombuis: roereier en roosterbrood. Sy moet seker gaan help maar sy wil nie.

"Het ons nie 'n wonderlike view nie?" sug haar ma geel en gelukkig. Oor die CD-spelertjie in die hoek blêr 'n vioolkonsert wat dooie mense in hul grafte sal laat regop sit.

Lien draai die CD-speler sagter. Haar eetlus is daarmee heen. Sy maak die yskas oop. Die wyndoos is die centrepiece. 'n Stukkie kaas, twee Tupperware-bakkies met iets onbekends in, drie tamaties, 'n halfleë Rama-bakkie en 'n sakkie melk is die somtotaal van die inhoud. Sy gaan sit by Braam.

Sy gaan haal die broek in die sitkamer en maak haar kamerdeur toe. Sy sit 'n CD in haar Walkman en oorfone op haar kop. Norah Jones. Soos sy vermoed het, is daar nie grys gare in die amper leë trommeltjie nie en sy moet maar 'n blouerige kleur gebruik wat sy hoop nie sal wys nie. Sy sukkel om die gare in die naald te kry, steek haar vinger raak. Lien kyk op. "Ek háát jou," sê sy vir hóm in die spieël. "Ék... háát ....jóú," sê sy weer, stadiger, afgemete, klem op elke woord. Sy skrik vir haar gesig in die spieël. Haar lang donker hare is deurmekaar en haar oë is groot en swart. Is dit hoe haat lyk?

*A little girl with nothing wrong*
*Is all alone*

spot Norah Jones. Lien steek vir Norah tong uit.

4.1 Wat het Christien en die centrepiece in gemeen? (1)

4.2 Noem 3 van die kositems wat in die yskas was, toe Lien dit oopmaak. (3)

4.3 Watter woord (reël 2) sê vir ons dat Lien se ma dikwels drink om beter te voel? (1)

4.4 Lien doen die naaldwerk in die huis.

4.4.1 Is bogenoemde stelling 'n feit of 'n mening?

4.4.2 Sy sit Braam se soom in met grys gare, motiveer die stelling. (2)

4.5 Waarom is reëls 23 en 24 in kursief gedruk? (1)

4.6 Vir wie het Lien in die spieël gesê: "Ek haat jou!"? (1)

4.7 Noem 2 feite wat kan staaf dat die ma nie meer die huis goed versorg nie. (2)

[11]

**TEKS J**

Wouter wag steeds by die telefoonhokkie toe Lien ná sewe-uur by die woonstelblok uitgestap kom. "Wat 'n lieflike dag! Kom ons donner hom op!" groet hy, soos gewoonlik in 'n pyn van 'n goeie bui. Wouter se chirpiness so vroeg in die oggend is genoeg om haar terug bed toe te dryf. Sy groet en stap by hom verby. Tannie Bets in 504 het vir haar die werk gekry. Tannie-Bets-met-die-beter-view. Lien kan nog nie besluit of sy dankbaar moet wees of nie.

Lien land in 'n groepie made in hell. Die klein, maer Miempie met die dik bril en die yl haartjies sal sy kan handle, al is sy weird verby. Dat Miempie in die regte belangstel, is moeilik om te glo, maar dis dalk moontlik. Die terterige Sally is 'n ander storie. Sy kan die meisie nie verdra nie en te oordeel na die seuns se geskinder, sal Sally dit ná skool waarskynlik nie verder as Adéle's Escort Agency maak nie. Regte! En dan is daar Hein Venter. Lien kan nog nie oor Hein besluit nie. Hy lyk ouer as die ander seuns. Hy het al harde baard van jare se skeer. Hy is nie besonder lank nie, maar hy is baie fris. Dit laat hom groter lyk as wat hy is. Hy het 'n prominente neus. Blonde krulhare, bietjie kroeserig.

4.8 Die antwoorde in Kolom B vertel jou iets van die karakters se persoonlikheid in Kolom A. Skryf slegs 4.8.1-4 en A-D neer. (4)

| Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|
| 4.8.1 | Braam | A. Wag steeds by die telefoonhokkie |
| 4.8.2 | Wouter | B. Help met huiswerk |
| 4.8.3 | Deon | C. Handig met sy hande |
| 4.8.4 | Hein Venter | D. Suurpruim |

4.9 Noem EEN talent wat Lien se ma het, waarop sy trots kon voel. (1)

4.10 Die Engelse woorde wat Lien in reël 34 en 35 gebruik, is gepas in die verhaal.

4.10.1 Identifiseer die emosie wat uitkom in Lien se taalgebruik . (1)

4.10.2 Motiveer waarom die Engelse woorde gepas is. (1)

4.11 Die titel van die boek is Lien se lankstaanskoene.

4.11.1 Wat word met lankstaanskoene in die titel bedoel? (1)

4.11.2 Waar het sy dié éérste paar skoene gekry? (1)

4.12 By watter instansie werk Lien se ma? (1)

4.13 Wat dink jy is die betekenis van "Tannie-Bets-met-die-beter-view"? (Reël 31-32) (1)

4.14 Voltooi die sin deur die ontbrekende woord in te vul. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer. Nadat Lien by die salon weg is, het sy 'n............geword? (1)

[12]

TEKS K

Dit was maklik om met Wouter te praat. Soos nou nog. Van toe af was sy en Wouter boesempelle. Dis vaal en stil in hulle woonstel. In die kombuis is 'n briefie van Braam. Hy doen Wiskunde by Deon en eet sommer daar. Lien wonder wat dié mense van hulle moet dink, want Braam boer by hulle. Daar is 'n pot sop op die stoof in 'n kastrol wat Lien nie ken nie. Daar is ook 'n hopie vars broodrolletjies op 'n bord op die eetblad. Lien vermoed dis tannie Bets.

****

Toe Lien amper by die deur is, roep juffrou Breytenbach haar terug. "Lien, het jy 'n minuut?" Sy beduie met haar hand dat Lien moet sit.

Lien verstyf. Haar eerste reaksie is om te maak dat sy wegkom. Sy kan nie dink wat tot dié onverwagse oudiënsie aanleiding gegee het nie. Haar punte is nie wonderlik nie, maar sy kom tog deur. Sy gaan sit ongemaklik by een van die voorste banke, maar 'n hele entjie weg van die juffrou.

Daar is nou 'n effense glimlag om juffrou Breytenbach se lippe. "Ek werk in die middag en ek wil ook probeer om nog dié jaar matriek deur te kom." Dit klink meer sarkasties as wat sy dit bedoel het. Sy staan op en loop sonder 'n woord by die deur uit.

Lien weet nie hoe om te voel nie. Aan die een kant kan sy nie help om 'n bietjie beïndruk te wees nie. Sy het die juffrou vlak gekyk.

4.15 Noem TWEE redes waarom Lien so skaam voel oor wat voor die skool gebeur het? (2)

4.16 Wat het Wouter gedoen tydens die insident om te bewys dat hy 'n goeie vriend is? (2)

4.17 Beskryf in jou eie woorde wat jy uit TEKS K oor Lien as persoon kan aflei? (2)

4.18 Later in die verhaal kry Lien se ma wel die geleentheid om musieklesse te gee.

4.18.1 Waar is die pos beskikbaar? (1)

4.18.2 Wie vertel vir haar ma van die pos wat beskikbaar is? (1)

4.19 Wat bedoel Juffrou Breytenbach toe sy vra: "Lien, het jy 'n minuut?". Herskryf die vraag in goeie Afrikaans. Begin met: Lien, ... (1)

4.20 Na haar gesprek met Mev Breytenbach sê die skrywer: "Lien weet nie hoe om te voel nie" reël 61). Verduidelik wat jy verstaan met die sin? (2)

4.21 In reël 62 lees ons: "Sy het die juffrou vlak gekyk." Wat bedoel Lien met hierdie slêng-uitdrukking? (1)

[12]

**Totaal: [35]**

## AFDELING B : DRAMA

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### *Poppie – die drama - Elsa Joubert en Sandra Kotzé*

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS K**

JAKKIE. Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop.

*Poppie sit op die blik, skryf 'n brief aan tata-ka-Bonsile. Lees hardop.*

POPPIE. Op Saterdag het twee manne na ons huis gekom. Hulle sê: Iets het verkeerd gegaan by ons plek en die spoor loop na jou huis toe. Die moeilikheid is met ons meisiekind.

*Aan die anderkant van die verhoog ontvang en lees Stone die brief.*

STONE. Hulle vra damage-geld, soveel soos jy kan stuur. Die meisie is 'n weeskind. Sy gaan saam met Bonsile skool, sy is saam met hom in st. 8. Die mense wat die geld vra, sê hulle het haar grootgemaak en nou is sy pregnant deur hom. Bonsile het haar geleerdheid bederf.

MOSIE. Tata-ka-Bonsile het veertig rand gestuur en die mense was tevrede. Maar daar het hierdie tyd 'n groot eensaamheid en verlange in Poppie se hart gekom. Sy het gevoel: ek is ver van my mense af. Ek moet omsien na my kinders en ek is alleen. Wat gaan van my en my kinders word?

JAKKIE. Sy besluit om werk te soek in Oos-Londen as char, om te help betaal vir die kinders se skoolgeld. Maar voordat sy begin werk soek het, kry sy 'n telegram.

POPPIE (*skrik; lees telegram).* "Jou man is baie siek. Verwag geld. Mamma" *(Na gehoor.)* Toe skrik ek, want ek weet as hulle sê verwag geld, is daar moeilikheid. Ek gaat toe na my buurman en sê vir hom: Kyk wat het ek gekry.

BUURMAN. Moenie huil nie, daar's niks verkeerd nie, jou ma sal nie die telegram direct aan jou gestuur het nie.

POPPIE. Ek het by hulle sit en wag. En toe daarna kom 'n telegram van my oudste skoonsuster in Johannesburg. *(Lees.)* "Waar word Stone begrawe?" *(Praat verder in dooie stem.)* Hulle het aan haar 'n telegram gestuur waarin hulle reguit sê my man is oorlede, maar vir my het hulle gesê: verwag geld, jou man is siek. Maar ek het sommer gevóél hy is dood.

5.1 Met wie praat Poppie? (1)

5.2 Wie is hierdie besoekers? (1)

5.3 Die twee manne het vir Poppie slegte nuus gebring.

5.3.1 Wat is die slegte nuus? (1)

5.3.2 Hoe is die twee manne tevrede gestel? (1)

5.4 Watter beeldspraak gebruik die skrywer in die volgende aanhaling:
"Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop."? (1)

Kopiereg voorbehou 

5.5 Watter TWEE vervoermiddels is gebruik om Poppie-hulle na Mdantsane te neem? (2)

5.6 Vergelyk Poppie se huis in Jakkalsvlei met haar huis in Mdantsane. (2)

5.7 Kies die korrekte antwoord: Skryf net die nommer (5.7) en die antwoord (A-D) neer.
Die verskillende karakters in die drama het elkeen 'n spesifieke naam.
Wat word iemand genoem wat teen die regeringswette in opstand kom?

A Katalisator
B Protagonis
C Antagonis
D Tritagonis (1)

5.8 Vul die ontbrekende woorde in: Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.

Bonsile sou teruggaan (5.8.1 ...) om daar skool te gaan. Die meisiekinders sou na haar (5.8.2 ...) gaan. Kindjie en Vezi sou by (5.8.3 ...) gaan bly. (3)

5.9 Watter slegte nuus gee mnr. Strydom vir Poppie? (2)

5.10 Waarheen en na wie wou die pasbeampte vir Poppie stuur? (2)

5.11 Volgens Poppie kon sy nie daarheen gaan nie. Waarom nie? (2)

5.12 Watter TWEE voorwaardes stel Poppie as sy dan na die platteland moet weggestuur word? (2)

5.13 Poppie sê: "Ek is verby my tyd." Wat beteken dit? (1)

5.14 Watter invloed het die antwoord by VRAAG 5.13 op haar verlenging van haar pas? (2)

5.15 Pas naam in KOLOM B by die stelling van die karakter in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (5.15.1 – 5.15.5) en die LETTER (A – F) van die antwoord wat jy kies neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.15.1 Sy noem hom tata-ka-Bonsile | A Ouma Hannie |
| 5.15.2 Poppie het by haar gewoon tot sy nege jaar oud was. | B Nyanga |
| 5.15.3 Poppie trek in 1956 na ... | C Jakkie |
| 5.15.4 Sy ideaal is om predikant te word. | D Langa |
| 5.15.5 1960 - Swartmense is ongelukkig oor paswette en permitte na.. | E Stone<br>F Grootouma Kappie |

(5)

5.16 Die woorde: "My hart het vir hulle ook doodgegaan," beskryf Poppie se gevoelens die beste. Skryf in jou eie woorde wat sy daarmee bedoel het. (1)

5.17 In watter tydperk van Suid-Afrika se geskiedenis speel die drama af? (1)

5.18 Vul die ontbrekende woorde in. Die woorde wat jy invul, moet op die inhoud van die drama gebaseer wees. Skryf net die vraagnommer (5.18.1 – 5.18.4) en die antwoord neer.

Poppie se pas was nog nie reg nie. Die (5.18.1 ...) was besig in hul straat. Poppie het nooit die deur oopgemaak as die deurklokkie lui nie. As hulle Poppie sou vang, moes (5.18.2 ...) die boete betaal. (5.18.3 ...), se man) het gereël dat Poppie 'n (5.18.4 ...) kry.

(4 x 1) (4)

**Totaal [35]**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

### *Paljas - Chris Barnard*

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS L**

Dis vroegdag. Die stasie en die werf is net-net lig. Hendrik, in sy nagklere en spoorwegstewels, haelgeweer in die hande, kom onseker aangestap. Katrien, in haar nagkabaai, reg agter hom. Klein Willem drie tree agter haar. Emma tien tree agter Willem. Hulle kom tot op 'n punt – dan steek Hendrik vas en die ander drie dam agter hom op. Daarna kom hulle tree vir tree nader. Maar soos slaapwandelaars. Soos mense wat 'n ruimtetuig sien land en nou op die ding afstap.

Oplaas word dit duidelik wat die vier sien: 'n trein. Die trein staan op die syspoor. 'n Goederetrein. Vol dierehokke. Hokke met olifante, perde – en leeus!

6.1 Die McDonald-gesin het die geluid van 'n ... in die nag gehoor. (Kies slegs die regte antwoord en skryf die letter langs die nommer van die vraag neer.)

A olifant

B hond

C leeu

D perd (1)

6.2 Die geluid wat die dier (in 6.1) daardie oggend gemaak het, gee direk aanleiding tot die ....... van die drama.

(Kies slegs die regte antwoord en skryf die letter (A-D) langs die nommer van die vraag neer.)

A ontknoping

B eksposisie

C krisis

D motoriese moment (1)

6.3 Die titel van die boek beteken "toorgoed" en die nar het sy paljas vir slegte dinge gebruik.

6.3.1 Is dit WAAR of ONWAAR?

6.3.2 Gee DRIE redes om jou antwoord hierbo te motiveer. (3)

6.4 Rangskik die volgende gebeure in die regte volgorde. Skryf NET die vraagnommer 6.4 en die letters (A-E) in die regte volgorde neer.

A Die nar word uit die kerk gejaag.

B Die dominee praat baie streng teen duiwelsaanbidding.

C Frans sê vir Katrien dat hy op haar verlief is.

D Nollie val langs Emma met sy fiets.

E Die McDonald-gesin se venster word met klippe gebreek. (5)

6.5 Gee TWEE redes waarom Hendrik voel dat hy 'n mislukking is. (2)

6.6 Toe Nollie met sy fiets op die stasie aankom, kon hy nie glo wat hy sien nie.

6.6.1 Hulle hoor 'n vrou gil. Wie was hierdie gillende vrou? (1)

6.6.2 Waarom het hierdie vrou gegil? (2)

6.6.3 Hoe het Nollie gereageer op dit wat hy gesien het? (1)

6.6.4 Wat het Hendrik en Nollie daarna saam gedoen? (1)

6.7 Kies uit KOLOM B die korrekte inligting wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.7.1 – 6.7.5) en die letter (A – E) neer. (5)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.7.1 Manuel | A. Praat te veel |
| 6.7.2 Frans | B. Bly in skuur |
| 6.7.3 Jan Mol | C. 'n Boer van die omgewing |
| 6.7.4 Nollie | D. Bakleierige persoon |
| 6.7.5 Hendrik | E. Verlief op Emma |

6.8 Wat is die eerste woord wat Willem in die drama sê? (1)

6.9 Watter stylfiguur gebruik die skrywer in die volgende aanhaling:?
"... Bertie val soos 'n sak patats bo-oor Emma." (1)

6.10 Wat kan jy van die McDonalds se finansiële posisie aflei deur die beskrywing van die stukkende motor? (1)

6.11 Skryf TWEE eienskappe van Manuel neer wat daartoe bydra dat hy Willem help om weer te praat. (2)

6.12 Noem TWEE redes waarom Emma nie eendag wou trou nie. (2)

6.13 Wat het Manuel as afskeidsgeskenk vir Willem gegee? (1)

6.14 Die aand toe Hendrik en sy gesin by die Volstruisdans aankom, het daar 'n insident gebeur wat hulle baie onwelkom laat voel het.

6.14.1 Beskryf die atmosfeer tydens die insident en waarom dit as ironies beskou kan word. (2)

6.14.2 Wat was hierdie insident? (1)

6.14.3 Dink jy die dorpsmense se optrede is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

6.14.4 Hendrik het die dorpsmense vergewe. Bewys hierdie stelling. (1)

**Totaal [35]**

**<u>VRAAG 7:</u> KONTEKSTUELE VRAAG**

***Fiela se kind - Dalene Matthee***

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

## TEKS M

**Eerste bedryf**
**Toneel 1 woudtoneel. Boshuis links.**

ELIAS *is besig om van steier af te klim. Mis al baie dig oor hele toneel.*

ELIAS: 'n Man het net een lyf en dié moet lank uitkom. Ek glo aan 'n goeie plan en 'n bietjie geluk, al is geluk 'n skaars ding in hierdie bos. (*Roep.*) Barta! Bring vir my 'n bietjie koffie, ek is gedaan. Die mis is wragtig dik. Ja . . . Ek sal érens 'n paar ou sinkplate in die hande moet kry. Die kinders ly aan die snuif en hoes van die nattigheid in die huis. Wanneer hy BARTA met die koffie hoor kom, gryp hy vinnig die handbyl en kyk aandagtig na die steel.

BARTA (*onrustig*): Elias, is Lukas dan nie hier by jou nie?

ELIAS: Nee. Sit maar die koffie daar op die blok neer, my hande is besig. (BARTA *af.*) Sy's nog mooi, maar sy sal moet skoene kry.

7.1 Skryf die regte antwoord in die oop spasie. Die woudtoneel in die inleiding is deel van die ...... (1)

A. krisis B. klimaks C. eksposisie D. motoriese moment

7.2 Waarom word daar op die mis gefokus? (1)

7.3 Hoe ervaar Elias die Bos? (1)

7.4 Verduidelik waarom die Van Rooyens se kinders aanhoudend siek bly? (1)

7.5 Wat lei jy af uit Elias se optrede wanneer hy Barta hoor aankom?. (2)

7.6 Hoe voel Barta wanneer sy na Lukas vra? (1)

7.7 Hoe dink Elias kan jy ryk word in die Bos? (2)

7.8 Beskryf Barta soos Elias haar sien. (1)

## TEKS N

TANT MALIE: Dit het my oorle antie agter in Karatara se bos oorgekom. Sy het gedink die kind is saam met die ander om te gaan vuurhout kap en so kom sy dit eers die middag agter dat hy wég is. Meer as 'n week later het hulle die verkluimde liggaampie gekry.Ons is nog die dag begrafnis toe.

BARTA *druk 'n vuis in haar mond en byt op haar kneukels.*

ELIAS: Ek sê vir julle, die kind is nie weg nie. Loop kyk weer in julle huise, almal van julle, kyk onder elke katel en oralster.

TANT MALIE: Ons het gekyk, Elias.

ELIAS: Loop kyk weer.

MALIE, SOFIE *en* TANT GERTJIE *af. Begin roep na Lukas vanuit verskeie hoeke.*

ELIAS: Ek kan nie verstaan hoe jy die kind onder jou oë kon laat wegraak nie, Barta!

BARTA: Ek het met die vuur gesukkel, Elias.

ELIAS: Die kind is nie weg nie.

*Geroep weergalm deur die Bos.* TANT GERTJIE *op.*

ELIAS: Dis die mis wat maak dat hy ons nie hoor nie, tante.

7.9 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die nommers en die antwoorde neer.

Elias en Barta se kinders is 7.9.1........ wat die oudste is. Hy is ses jaar oud. Dan is daar 7.9.2 .......en hy is vyf jaar oud. Die enigste dogter is 7.9.3 ........en sy is maar net drie jaar oud. Die jongste seun is 7.9.4......... (4)

7.10 "Barta *druk 'n vuis in haar mond en byt op haar kneukels.*"
Dink jy Barta se optrede is geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (2)

7.11 Dink jy Elias se optrede is reg? Antwoord JA of NEE en motiveer jou antwoord. (2)

DIKKE: En 'n dekselse mooi kind daarby. Wie se kind is dit?
FIELA: Dis Benjamin, my hanskind.
LANGE: Kom hier seun.
FIELA: Los die kind. As julle te praat het, praat met my!
LANGE: Luister, vrou, jy weet net so goed soos ek dat hier iets baie vreemds aan die gang is. Dit kan nie jou kind wees nie, maar jy het hom staan en opgee as jou eie. Waar kom jy aan die kind?
FIELA: Dis my hanskind.
LANGE: Wat jy waar gekry het, vra ek jou.
FIELA: Waar kry jy hansgoed? Ek het hom gekry waar sy ma hom gelos het, dis waar ek hom gekry het.
LANGE: Waar was dit?
FIELA: Net daar waar baas nou sit.
LANGE: Wanneer?
FIELA: Amper nege jaar gelede. Middel van die nag.
DIKKE: Hy lyk ouer as nege.
FIELA: Hy is.
DIKKE: Hoe oud is hy?
FIELA: Ek weet nie, ek het hom so op drie geskat die nag.
LANGE: Jy sê jy het hom hier voor jou agterdeur gekry. Het hy gestaan of gesit of gelê?
FIELA: Gestaan.
LANGE: Ek dink jy lieg.
FIELA: Vir wat sal ek lieg? Ek het die nag nog wakker geword van 'n kind wat huil en toe ek kom oopmaak, toe staan hy hier. Iemand het hom voor my deur kom los.
DIKKE: Het jy iets gehoor?
FIELA: Nee. Net die kind.

7.12 Wat het die 2 mans wat op Wolwekraal aangekom het, kom doen? (1)

7.13 Wat is 'n hanskind? (1)

7.14 Wat kan jy aflei van die manier waarop die Lange met Fiela praat oor sy siening van bruin mense? (1)

7.15 Trek NET 2 kolomme (A en B) van die Komoeties en Van Rooyens oor in jul antwoordboek. Voltooi die tabel deur die 2 families met mekaar te vergelyk.

| Eienskap | Komoeties (Tabel A) | Van Rooyens (Tabel B) |
|---|---|---|
| A. Ouer optrede teen kinders | A | A |
| B. Man teenoor sy vrou | B | B |
| C. Huislike atmosfeer | C | C |

(6)

FIELA: Ek moet met die magistraat praat, baas. Dit is dringend. Ek het twee dae geloop om hier te kom.
MAN: Could you repeat that in English?
FIELA: Here, baas, roep vir my iemand wat Hollands kan praat. Ek moet die magistraat sien.

> MAN *Af.*
> FIELA (*op band*): Seil soos 'n slang, Fiela! As jy voor 'n wit mens verleë staan, moet jy laag buk.
> *Die skoonmaker,'n bejaarde bruin man, kom op met besem en emmer.*
> FIELA: Mens, ek kan jou amper met die hand groet. Waar is die magistraat?
> SKOONMAKER: Oppie bank, antie.

7.16 In die onderstaande lys word Fiela se kinders se name gegee. Skryf hulle van oud na jonk neer.

a. Tollie
b. Kittie
c. Emma
d. David (4)

7.17 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter (A-D) neer.
Wat was die verwantskap van Nina en Lukas? (1)

A. Nie familie nie
B. Half broer en -suster
C. Stief broer en -suster
D. Broer en suster

7.18 "Seil soos 'n slang, Fiela!"
Dink jy dit is reg dat Fiela so voel? Motiveer jou antwoord. (1)

7.19 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Die magistraat van wie in die bogenoemde stuk gepraat word, is... (*mister* Cairncross / *mister* Goldsbury). (1)

7.20 Wat is die rol van die neweteks in reël 62? (1)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C : KORTVERHALE

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

### *Die roep van die vleikuiken - Margaret Bakkes*

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

TEKS O

In sy gemoed is alles helder en onuitwisbaar ingegrif: die vuurproef- eerste keer dat hy heel op sy eie agt stappers, onervare stadsjapies, deur die boswêreld neem. Die oerstilte om hom beklemtoon die naggeluide: buffels wat onder by die watergat steun; 'n hiëna wat veraf klaend blaf; 'n leeu wat sommer hier naby onderlangs grom. Hy weet: Vannag sal hy nie slaap nie. Hy sal hier in die lapa by die kole bly sit. Daar is tye in 'n man se lewe wat dit sonde is om te slaap; tye wat jy nie wil slaap nie. En dis anders as die tye wat iy nie kan slaap nie, al wil jy. Soos daardie eerste maande na die ongeluk. En die maande na hy uit die Caprivi teruggekom het. Dis volmaan en om hom lê die bos in helder lig, met die Swenispruit donkerder afgeteken met digter rivieroewerbos. Dis of die maanlig in sy brein inskyn, soos 'n soeklig wat die donker, verborge dinge wil loop uithaal. Dinge waaroor hy doelbewus nooit wou dink nie, in die afgelope, slapelose, rustelose maande voor hy hier beland het. Maar nou maak dit nie meer saak nie, want dit maak nie meer seer nie. Daardie middag vroeg in sy matriekjaar toe die motorfiets hom geskep het en soos 'n vrot vel deur die lug laat trek het ... Die pyn het eers later gekom. Mense om hom, die sirene van 'n ambulans wat deur die strate jaag, ongevalle, teater toe, genadiglike donkerte.

8.1 Kies die karakter in KOLOM B wat 'n invloed op die jongman se lewe gehad het volgens KOLOM A. Skryf slegs die letter (A - E) langs die vraagnommer 8.1.1 – 8.1.5 byvoorbeeld 8.1.6 F (5)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.1.1 Hierdie persoon het die jongman se hart gebreek. | A. Sy pa |
| 8.1.2 Hierdie persoon het die jongman getrou bygestaan. | B. Jaap |
| 8.1.3 Hierdie persoon was 'n ware vriend vir die jongman. | C. Nina |
| 8.1.4 Hierdie persoon het die jongman gemotiveer om verder te studeer. | D. Sy broer |
| 8.1.5 Hierdie persoon het 'n advertensie vir die jongman gewys. | E. Sy ma |

8.2 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (8.2) neer, byvoorbeeld 8.2 E

Die geluide wat 3 van die diere gemaak het waarmee die jongman te doen gekry het, was .... (3)

A - Honde wat aanhoudend blaf
B - Hiëna wat klaend blaf
C - Leeu wat grom
D - Kat wat miaau
E - Buffels wat steun
F - 'n Haan wat kraai

8.3 Wat kan jy sê oor die eksposisie in dié verhaal? Noem minstens TWEE feite. (2)

8.4 Hoekom word die donkerte as genadiglik beskryf? (Reël 19) (1)

8.5 In watter provinsie was die wildsplaas van Jaap se oom? (1)

8.6 Wanneer was die jongman in 'n ongeluk? (1)

8.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.7) neer en (a of b).

Die titel van hierdie kortverhaal "Die roep van die vleikuiken" simboliseer … (1)

(a. hoe die vleikuiken hom roep om sy lewensroeping te volg /
(b. hoe die natuur hom roep maar hy sukkel om te sien hoe dit sy lewensroeping gaan word.)

8.8 Die geluid wat die boskraai gemaak het, het die jongman simpatiek gelaat. Waarom dink jy so? (1)

8.9 Die jongman het seergekry toe Nina hom gelos het.

Wat dink jy was die lewensles wat hy uit dié liefdesteleurstelling geleer het ten opsigte van 'n toekomstige vrou? (1)

8.10 Noem TWEE redes wat sy meisie gegee het waarom sy hom gelos het. (2)

**[18]**

## *Oom Dries se sorge met Jantjie - Felicia Goosen*

**Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS P**

Skoon uitasem kom die plaaswerkers oom Dries een middag **boord** toe roep. Dis toe letterlik die laaste drupel wat die emmer laat oorloop, want daar staan Jantjie langs die ondergrondse waterpyp wat hy uitgegrawe het. Dis flenters gebyt en die water skiet met 'n boog die lug in. Enigeen wat dit naby hom waag, **bestook** hy met klippe, kluite, vrot vrugte en wat ook al hy in die hande kry. Oom Dries praat mooi en kom al **paaiende** nader. "Kom nou, Jantjie. Kom nou, Oubaas se diertjie. Los nou die stoutigheid en kom weg daar by die waterpyp." Maar Jantjie wys sy **slagtande**. Toe oom Dries sy hand na hom toe uitsteek, slaan hy sy slagtande diep in die hand in en verskeur die laaste twee vingers van die pinkie se kant af. Die plaaswerkers **lê** verskrik **die rieme neer** en Abraham loop haal oom Thysie op die buurplaas. Die twee vingers is toe in die kliniek op die dorp afgesit en oom Thysie jaag reguit terug Driefontein toe waar hy vir Jantjie vlak langs die voorstoep doodskiet terwyl dié 'n mieliekop woes uitmekaar pluk met sy tande. "Vat die vervloekste bobbejaan weg en smyt hom in die sloot by die **gruisgat**!" skreeu oom Thysie vir die plaaswerkers, klim in sy bakkie en ry terug dorp toe.

8.11 Wat was oom Dries se plaas se naam? (1)

8.12 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer ( 8.12.1 - 8.12.2 ) neer.

| newekarakter; ek-verteller; derdepersoonsverteller; hoofkarakter |
|---|

In kortverhale kry 'n mens verskillende vertellers en karakters. In hierdie kortverhaal is daar 'n ( 8.12.1 ) …. wat die storie vertel. Jantjie die bobbejaan is in baie opsigte die ( 8.12.2 ) … in die verhaal, aanvanklik as werklike dier, later as 'n verskynsel. (2)

8.13 Die volgende gebeure hou verband met die bou van die kortverhaal. Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer. (4)

a. Oom Dries bou vir Jantjie 'n swaai, bedags speel hy op die werf en saans slaap hy voor die Aga. Maar soos hy grootword groei die probleme.
b. Oom Thysie protesteer omdat oom Dries die bobbejaantjie op Driefontein wil grootmaak.
c. Oom Dries druk die trietsige vaal lyfie in sy dik baadjies se sak.
d. 'n Groep vriende kuier lekker op 'n plaas toe Groot Dawid uit frustrasie 'n bobbejaanwyfie skiet.

8.14 Die doel van hierdie kortverhaal is NIE om 'n belangrike lewensles oor te dra NIE. Motiveer hierdie stelling. (1)

8.15 Die klimaks speel 'n belangrike rol in hierdie kortverhaal.

8.15.1 Jantjie byt oom Dries so erg dat hy twee van sy vingers verloor. Wat het oom Thysie toe gedoen? (1)

8.15.2 Hoe beïnvloed dit albei ooms? (1)

8.16 Oom Dries sê vir oom Thysie "Jantjie laat my nie met rus nie. Ek sien hom elke dan en wan êrens en as ek weer kyk, is hy weg."

8.16.1 Wat is die skrywer se bedoeling met hierdie woorde? (1)

8.16.2 Verduidelik wat is die verrassingselement in die slot van hierdie kortverhaal: (1) "Saans in die skemer dwaal oom Dries se oë nog dikwels soekend oor die grasperk tot by die swaai, maar nou is daar niks meer nie."

8.17 Dink jy dit was reg dat die bobbejaan geskiet is? Motiveer jou antwoord. (1)

8.18 Wat beteken dit om "rieme neer te lê"? (1)

8.19 Wat is die ironie rondom oom Dries en die bobbejaan? (2)

8.20 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs (8.20) en die korrekte antwoord neer. (1)

Bobbejane is: (diere wat makgemaak word / troeteldiere / diere wat in die natuur hoort.)

**[17]**

**Totaal [35]**

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSJOERNAAL***

**<u>VRAAG 9</u>: KONTEKSTUELE VRAAG**

# By die robot in Eerstelaan

Marita van Aswegen

twee pare voete girts oor die teer
sy arm en nek is so styf en seer
sy bene so lam van gister se staan
ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

motors se bande knars tot stilstand
in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand
hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan
hier by die robot waar hy die dag omstaan

sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik
"ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind
hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
die verkeerslig klik en die enjins brul saam
sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

trieng, trieng lui die fiets se klokkie
hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
sy arm en skouer is so styf en so seer

'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus
as die dood hom tog net wil kom haal
dan kan hy vir ewig en altyd rus
die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal

geld klingel in die blikkie en lê dan stil
die duiwe koer en kindjie jil
"mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag
hy draai sy kop skuins en hy wag

"hier is nog tien rand," sê die vrou
"koop vir jou iets om aan te kou"
die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

9.1 Daar is vier skoene wat oor die teer loop!

9.1.1 Is die bogenoemde stelling letterlik of figuurlik bedoel? Skryf slegs die nommer 9.1.1 en letterlik of figuurlik. (1)

9.1.2 Motiveer jou antwoord in 9.1.1 met 'n aanhaling uit die gedig. (1)

9.2 Noem TWEE van die kenmerke van die bedelaar wat in strofe 1 gegee word. (2)

9.3 In versreël 4 kom halfrym voor. Benoem dit. (1)

9.4 Haal EEN voorbeeld van klanknabootsing aan wat in versreëls 5 en 6 voorkom. (1)

9.5 Skryf een versreël neer as bewys dat die bedelaar sy reuksintuig gebruik het. (1)

9.6 Die geld wat die bedelaar kry, gee hy vir die tsotsi, maar hy misbruik die geld. Motiveer die stelling deur te sê wat die tsotsi met die geld doen. (1)

9.7 Noem TWEE redes waarom die bedelaar bang is, volgens versreël 14? (2)

9.8 Gee 2 kenmerke van die bedelaar se oë volgens strofe 4. (2)

9.9 Gee 'n bewys uit versreël 18 waarom ons kan sê dat die bedelaar arm is. (1)

9.10 Beskryf wat gebeur as 'n motorruit af tjier. (1)

9.11 Waarmee word die tsotsi vergelyk? Sê ook watter soort beeldspraak dit is. (2)

9.12 Wat is volgens jou mening die tema van die gedig? Som dit op in een sin. (1)

[17]

## Die boodskapper

*Peter Snyders*

Die aandster vonkel soe speels vanaand
was daa 'n knipoeg
    van jou
        na my?

Djy is so naby
soes die helderste ster
djy's die spoed van 'n gedagte
weg van my

Ek los 'n boodskap by Venus vir jou -
as djy yt jou aandklas
kom, stiek yt jou hand
        haal dit af:

dis die briefie
met die soentjie
        op die omslag

(Uit: *Tekens van die tye*. Protea Boekhuis, 2012)

9.13 Wie is die aangesprokene in hierdie gedig? (1)

9.14 Noem een van die woorde uit die gedig, wat die leser kon laat verstaan dat dit "nie 'n ernstige" gedig is nie. (1)

9.15 Van watter beeldspraak het die digter gebruik gemaak in strofe 1? Gee twee voorbeelde om jou jou antwoord te motiveer. (3)

9.16 Die spreker vra of die aandster regtig vir hom geknipoog het? Waarom kan die vraag as 'n retoriese vraag beskou word? (1)

9.17 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer 9.17 en (A-D) neer.

Die naam van die "helderste ster" waarna die spreker hier verwys, is....?

A. Mars

B. Pluto

C. Venus

D. Son (1)

9.18 Hoekom los die spreker juis sy "boodskap" by dié "ster"? (1)

9.19 Wat moet die meisie doen om die boodskap in die hande te kry? (1)

9.20 Gee 'n voorbeeld van elisie (uit versreël 7) (1)

9.21 Hoe sal sy die boodskap wat hy vir haar gelos het, uitken? (1)

9.22 Vul die ontbrekende woorde in.
Die lengte van die versreëls wissel en daar is geen vaste rymskema nie, daarom is hierdie gedig 'n voorbeeld van 'n ... (1)

9.23 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en (A-C) neer.
Watter soort strofes kom in die gedig voor?

A. Eerste drie strofes is tersiene en die laaste een 'n kwatryn

B. Eerste strofe is kwatryn en die laaste drie is tersienes.

C. Eerste drie strofes is kwatryne en die laaste een 'n tersiene (1)

9.24 Gee die metafoor wat die afstand van sy geliefde uitbeeld. (1)

9.25 Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 12? (1)

9.26 Op watter 3 maniere word die voornaamwoorde "jou" en "my" tipografies beklemtoon? (3)

**[18]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou